

Dinsdag 26 Desember

Skrifgedeelte: Sagaria 9:9-10

Fokusgedeelte: Sagaria 9:9

Die Koning kom op 'n donkie! Regverdig, Oorwinnaar en nederig

Verlossing en vrede word aangekondig. Jou Koning kom! Hy sal op 'n koninklike rydier, die donkie-hingsvul, die stad Jerusalem binnery. Daar word 'n paar eienskappe aan die koning op sy hingsvul gekoppel: Hy is regverdig, want hy leef in die regte verhouding met God. Hy sal oorwinnaar wees en Hy bring vrede vir die nasies. Hy is nederig, daarom is daar 'n hegte band tussen hom en sy onderdane. Ook die geringes en diegene wat hulp nodig het, word raakgesien en tegemoetekom.

Vir Sagaria se tyd het dit hoop gegee op die versoening tussen die ver-skeurde twee ryke van die volk van God, Juda en Israel. 'n Koning wat in nederigheid kom, maar tog met gesag, sou dit bewerk.

Wanneer Jesus eeue later Jerusalem triomfantelik wil binnegaan, dan gee Hy sy dissipels opdrag om 'n donkie en haar vul op te kommandeer. Daarop ry Hy die Dawidstad binne met die skare wat skreeu: "*Hosanna vir die Seun van Dawid!*" (Matt. 21:9). So gaan die profesie van Sagaria in vervulling. Hy is die Messias-koning, wat met gesag gekom het. Hy vestig sy koninkryk in nederigheid, maar met beslistheid.

Wanneer ons die koms van Christus as Verlosser gedenk, smag ons steeds na vrede. Tussen Christene, tussen regerings, in gesinne, oral waar onvrede gedy. Vir ons lyk vrede dalk onmoontlik, maar ons moet ons in nederigheid, regverdigheid, met oorwinningskrag van die Gees, daarvoor beywer. Met die sekerheid dat Jesus as Koning weer sal kom om volmaakte vrede te bring.

Sing: Psalm 48-1:1

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)